**JESUS SE LYDING EN ONS LYDING** **OMGEEGROEPE** **15 – 21 FEBRUARIE 2015**

1. **LIEF EN LEED –** deel met mekaar vir dankbaarheid, bemoediging en voorbidding.
2. **RAAK RUSTIG IN GOD SE TEENWOORDIGHEID –** beleef dit, en bid saam.
3. **LUISTER NA GOD SE WOORD –** LEES 1 KOR. 2:2 EN 2 KOR. 4:7-15. Wat tref jou uit hierdie gedeeltes t.o.v. lyding? Gesels oor verse 10, 11, 15.
4. **LUISTER NA MEKAAR EN DIE WêRELD –** ons is nou in die Kerkjaar in Lydenstyd. Die sewe Lydensondae voor Goeie Vrydag. Hoe hanteer die wêreld die "vraagstuk" van lyding. Hoe hanteer gelowiges dit ánders as die wêreld? Of hanteer ons dit maar dieselfde? Hoe ondersteun ons mense wat ly? Hoe hanteer jy persoonlike lyding?
5. **LUISTER WEER NA DIE WOORD VAN DIE HERE –** LEES WEER DIE TEKSTE UIT 1 EN 2 KOR. Ons moet ons swaarkry en lyding sien in die lig van Jesus se kruis. Ons vra maklik hoekom kinders van die Here ly. Hoekom? Is ons nie bereid om ook die lydende Jesus te volg nie? Ons wil dalk net 'n gemaklike Jesus vol. 'n Voorspoed Jesus. So 'n Jesus verwag dan nie van my om myself te verloën ter wille van Hom en sy koninkryk nie. BELANGRIK: die blye boodskap is ook die evangelie van die kruis, en van lyding, en van die dood. Op grond hiervan skryf Paulus ook oor sy eie lyding. In sy lyding leer ken hy Jesus intens. In ons lyding en swaarkry openbaar die Here juis Homself intens aan ons. LEES dit in verse 10, 11, en 15. Wanneer ons in lyding eiebelang prysgee ter wille van die Here, juis dan bring God die lewe in Jesus Christus tot stand. In my lyding word Jesus sigbaar! Die Bybel is vol voorbeelde van mense wat ly. JOSEF in die tronk omdat hy nie toegee aan Potifar se vrou nie. ELIA veg vir die Here se Naam en eer teen Baäl, en land onder 'n besembos, en in 'n grot. JOB dien die Here met alles wat hy het, en land op die ashoop. Die BLINDGEBORENE in Joh. 9 is nie deur sonde so nie, sê Jesus…hoekom dan? STEFANUS verkondig Jesus, en word met klippe doodgegooi. Vandag nog sit ons dikwels met onbegrip langs 'n kind op 'n kankerbed, 'n ma hou 'n verdrinkte baba vas…UITEINDELIK kom ons as gelowiges net op een plek uit: BY DIE KRUIS! Sodat God Hom op 'n intense manier aan ons openbaar, sodat ons Hom werklik kan leer ken, "sodat die genade van God steeds meer mense kan bereik"!...sê vers 15. Sodat ons dankgebede kan toeneem, en God die eer ontvang – vers 15! JOSEF ontdek God se troue liefde. JOB sê nóú het hy God gesien! In die BLINDE word die werke van God gesien, sê Jesus in Joh. 9:3. STEFANUS getuig van Jesus aan die regterhand van God…hy síén Hom van onder die klippe! LYDING LAAT JOU GOD SIEN. Jesus se lyding, en my lyding, kruis mekaar by die kruis!!
6. **FOKUS OP WAT GOD DOEN –** BESPREEK: Jesaja 53 vers 5. DIT IS WAT GOD VIR ONS WONDE EN LYDING DOEN: "Oor óns oortredings is Hy deurboor, oor óns sondes is Hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op Hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom."
7. **ANTWOORD MET JOU LEWE –** Hoe sou ons as kinders van die Here kan getuig in persoonlike lyding? Hoe sou ons ander mense wat ly, deur ons lewe en woorde, kan ondersteun?
8. **BID NOU SAAM** aan die hand van bogenoemde gesprek. Deel ook met mekaar vir wie ons kan bid, mense wat ly, en hoe ons hulle kan gaan bemoedig en ondersteun.
9. **BEVESTIG WEER DIENSBEURTE VAN DIE KLEINGROEP**, en ander reelings van belang.

**GENIET DIE WEEK EN GOD SEëN JOU!!!**